'n Finansiële oorsig vir die tydperk Maart tot Augustus 2020

Ten spyte van die grendeltyd, was die Here vir ons Gemeente baie genadig en baie goed. In grendeltyd kon ons steeds met belangrike uitreikwerk in ons gemeenskappe voortgaan. Ons het hande gevat en mooi verbintenisse gebou met omliggende geloofsgemeenskappe en individue.

Ons elektroniese inbetalings het mooi konstant bly inkom. Snapscan is gereeld gebruik tydens die virtuele eredienste vir offergawes. Koevertjies, wat meer deur ons senior lidmate gebruik word, is direk by diegene wat kontak gemaak het met die kantoor, persoonlik afgehaal. En natuurlik die gereelde maandelikse debietorders wat afgaan.

Waar staan ons?

Ons is baie dankbaar dat die gemeente se finansies tot einde Augustus danksy sy lidmate se ondersteuning en bydraes oor die afgelope paar maande, soos volg toon:-

• **Maandelikse dankoffers** het oor die afgelope paar maande 'n ten spyte van Covit-19 tog 'n opwaartse tendens getoon het (R899 135 in Mei tot R1 856 777 in Augustus) dankie vir elkeen wat so vir ons gemeente sorg en bydra! *(afwyking teenoor begroting tot datum -R30 887).*

• Die styging in **Erediens dankoffers** help om die daling in maandeliks gedeeltelik te delg.
(R171 337 in Mei tot R1 856 777) *(oorskot teenoor begroting tot datum R52 399)*

Totale inkomste tot Augustus – R2 798 356 (begroot R2 604 105)
Totale uitgawes tot Augustus – R2 801 294 (begroot R2 649 306)

• Ons indiensneming uitgawes is soos verwag, laer as begroting oor die laaste 5 maande as gevolg van die vakante leraarspos.

• In Augustus het die kerkraad 'n herbegroting goedgekeur tot einde Februarie 2021 met aanpassings en besparings aan uitgawekant.

• Lidmate gee steeds ruim vir die Kospakkie projek en die Noodfonds. Baie dankie hiervoor! Veral fondse vir die kospakkieprojek het baie mooi ingekom. Hierdie is slegs deurgangsfondse wat spoedig weer aangewend is vir sy doel.

* Die kerk se dak moes intussen ook vervang vervang word met 'n mooi nuwe dak en lyk nou pragtig. Dankie vir lidmate wat bygedra het tot hierdie fonds – ook in grendeltyd. Die Eiendomskomitee het reeds oor 'n aantal jare 'n restourasiefonds begin opbou waaruit die dak gedoen kon word.

Finans-komitee:
Heinrich Punt moes weens werksverpligtinge die tuig neerlê by die finans-komitee en het Charl du Toit by hom oorgeneem. Ons wil lidmate uitnooi om die vrymoedigheid te neem om indien jy enige vrae het oor die Gemeente se Finansies of Eiendomme, kontak te maak – ons luister graag.

Kontakpersoon :
Jackie Pretorius (021 975 6370/0827793356 of per epos by jackie@durbanvillegemeente.co.za)

Almal van ons het en gaan selfs na die grendeltyd steeds deur moeilike omstandighede gaan - dalk fisies, geestelik of emosioneel. Laat ons mekaar se hande bly vashou. As jy kan gee, gee oorvloedig. As jy ontvang, ontvang asof uit Jesus se hande .

Die Leraars, Tinus van Zyl, Wynand Seymore-Breytenbach en Rian Verster, nooi lidmate steeds uit om indien jy behoefte het om met iemand te gesels, kontak te maak met hulle direk of kontak die kerkkantoor by 021 9756370.